VERITAS AWARDS 2025

*experience excellence*

*Suite 151, Private Bag X3041, Paarl 7620*
*Office & Store: Simonsvlei Winery & Business Hub, Old Paarl Rd (R101), Suider Paarl 7646*
***Tel: 021 863 1599***
***E-mail: info@veritas.co.za***
***www.veritas.co.za***

# *INSKRYWINGS INLIGTING | ENTRY DETAILS*

**Die VERITAS kompetisie word vanjaar vir die 35ste keer aangebied en die uitslae sal op 11 Oktober 2025 aangekondig word tydens die Galadinee in die Kaapstad se Internasionale Konferensie Sentrum.**

**Die *VinoVeritas by CTP*-applikasie wat in 2020 geloods is om die verkoop van Veritas wenwyne direk aan die publiek in samewerking met Getwine moontlik te maak, bly 'n sukses storie wat met groot entoesiasme by die verbruikers en deelnemers ontvang word. Die samewerking van deelnemers om die Dubbelgoud en Goud wyne so gou as moontlik na die bekendmaking aan Getwine te lewer na die uitslae bekend is, is van uiterste belang vir puik klientediens aan die publiek.**

**Die VERITAS aanlyn-inskrywingsstelsel maak deelname meer doeltreffend en ons nooi jou graag uit om nou in te skryf vir hierdie gesogte kompetisie.**

**The VERITAS competition will be presented for the 35th time this year and the results will be made known on 11 October 2025 at a Gala dinner at the Cape Town International Conference Centre.**

**The launch of the *VinoVeritas by CTP* App in 2020 to enable the public to buy Veritas award-winning wines directly and have them delivered to their doorstep by Getwine, has been met with great enthusiasm from consumers and participants. The cooperation from participants to deliver the Double Gold and Gold awarded wines as soon as possible after the results are announced to Getwine is extremely important to make ensure a highly efficient service to the public.**

**The VERITAS online entry system makes participation more efficient, and we invite you to enter now for this prestigious competition.**

## DATUMS

| | |
|---|---|
| **Vrydag 1 Augustus om 16:00:** | **Sluitingsdatum van inskrywings** |
| **Vrydag 15 Augustus om 16:00:** | **Sluitingsdatum vir laat inskrywings** |
| **Vrydag 29 Augustus om 16:00:** | **Sperdatum vir betaling van inskrywings** |
| **Maandag 4 Aug – Vrydag 22 Aug:** | **Afhaal van monsters deur SAWIS** |
| **Maandag 1 tot Vrydag 5 Sept:** | **Beoordeling - Johann Graue-saal Nederburg** |
| **Saterdag 11 Oktober:** | **Veritas Toekennings Funksie (KIKS)** |
| **Woensdag 15 & Donderdag 16 Okt:** | **Aflewering van DG/G wyne** |
| **Woensdag 22 Okt:** | **Kpst Deloitte Kliënte proe** |
| **Donderdag 23 Okt:** | **Kpst Publieke proe** |
| **Dinsdag 28 Okt:** | **Drb Publieke proe** |
| **Woensdag 29 Okt:** | **Drb Deloitte Kliënte proe** |
| **Dinsdag 4 Nov:** | **Jhb Publieke proe** |
| **Donderdag 6 Nov:** | **Jhb Deloitte Kliënte proe** |

## DATES

| | |
|---|---|
| **Friday 1 August at 16:00:** | **Closing date for entries.** |
| **Friday 15 August at 16:00:** | **Closing date for late entries** |
| **Friday 29 August at 16:00:** | **Final date for payment of entries** |
| **Monday 4 Aug – Friday 22 Aug:** | **Samples to be collected by SAWIS** |
| **Monday 1 to Friday 5 Sept:** | **Judging - Johann Graue hall, Nederburg** |
| **Saturday 11 October:** | **Veritas Awards Function (CTICC)** |
| **Wednesday 15 & Thursday 16 Oct:** | **Delivery of DG/G wines** |
| **Wednesday 22 Oct:** | **Cpt Deloitte Client tasting** |
| **Thursday 23 Oct:** | **Cpt Public tasting** |
| **Tuesday 28 Oct:** | **Drb Public tasting** |
| **Wednesday 29 Oct:** | **Drb Deloitte Client tasting** |
| **Tuesday 4 Nov:** | **Jhb Public tasting** |
| **Thursday 6 Nov:** | **Jhb Deloitte Client tasting** |

***Ons Finansiële Vennote | Our Financial Partners***

Deloitte. SA LITHO label printers ontbyt SAKE POREX SA Dry ICE INTERNATIONAL UNITRANS NASHUA

**GESKIEDENIS**
Produsente plaas hul vertroue in die beoordelingsproses van die oudste en mees prominente wynkompetisie in Suid-Afrika wat in 1991 begin het en Suid-Afrika se langslopende en mees gesogte wynkompetisie is en erken word as die mees betroubare kompetisie vir markklaar wyne en brandewyne.

**BEOORDELAARS**
Die jaarlikse insluiting van internasionaal gerespekteerde en ervare proeërs dra by tot die gunstige reputasie van hierdie wynkompetisie. Om wyne by die Veritas-kompetisie te proe, is 'n erkende beoordelingsakkreditasie noodsaaklik. Indien moontlik, sal buitelandse beoordelaars weer genooi word. Daarbenewens moet oorsese beoordelaars internasionale ervaring hê. Die plaaslike span beoordelaars bestaan uit 'n verskeidenheid wynmakers, navorsers, akademici, Kaapse Wynmeesters, wynkopers, sommeliers, wynskrywers en konsultante.

Veritas streef daarna om die gehalte en professionele uitvoering van die beoordelaars te verbeter om verdere groei vir hierdie betroubare kompetisie voort te sit. Terwyl die insluiting van jonger proeërs, sommeliers en spesialiste met kommersiële agtergrond op die proepanele aandag sal geniet, sal die kundigheid en ervaring van senior beoordelaars voortdurend aangewend word.

**BEOORDELINGSTELSEL**
Vyf beoordelaars dien op elke paneel, terwyl die 100-punt proe skaal gebruik word in evaluering, in ooreenstemming met internasionale standaarde. Die beskikbaarheid van slegs 50 kartonne (6x750 ml) van elke wenwyn is nou nodig in plaas van 200 kartonne in die verlede om kleiner produsente te akkommodeer. Deur die bespreking op die panele uit te skakel, is die resultate 'n ware weerspieëling van die beoordelaars se menings. Veritas streef daarna om die kompetisie te verbeter om die beste moontlike standaarde te handhaaf.

**BEMARKINGSGELEENTHEDE**
Verbruikers neem toenemend kennis van die uitslae en gebruik die Veritas-toekennings as 'n maatstaf om wyne vir hul genot te kies. 'n Dubbelgoud-, Goud-, Uitstaande Silwer, Silwer- en Brons Veritas-plakker op 'n bottel is inderdaad 'n goeie motiveerder om die land se beste wyne te koop. Die VinoVeritas by CTP applikasie wat in 2020 bekendgestel is, sal vanjaar verder uitgebrei word om die gesogte Veritas wyne te verkoop. Die wynproeë van die Dubbelgoud en Goue wenners word weereens landwyd in al die groot stede gehou.

**BORGE**
Ons bedank ons jarelange finansiële vennote – Deloitte en SA Litho asook ons nuwe vennote Ontbytsake, Nashua, Dry Ice International en Unitrans – vir hul volgehoue ondersteuning aan die wynbedryf en om die Veritas-handelsmerk te help bou.

**HISTORY**
Producers put their faith in the judging process of the oldest and most prominent wine contest in South Africa that started in 1991 and is South Africa’s longest running and most prestigious wine competition and earned the recognition as the most trusted competition for market-ready wines and brandies.

**JUDGES**
The annual inclusion of internationally respected and experienced tasters contributes to the favourable reputation of this wine competition. International judges will be invited again, if it is possible. To taste wines at the Veritas competition, a recognised judging accreditation is essential. In addition, overseas judges must have international experience. The local team of judges consists of a variety of winemakers, researchers, academics, Cape Wine Masters, wine buyers, sommeliers, wine writers and consultants.

Veritas strives to enhance the quality and professional execution of the judging to continue further growth for this reputable competition. While the inclusion of younger tasters, sommeliers and specialists with commercial background on the tasting panels will continue to receive attention, the expertise and experience of senior judges will be continuously harnessed.

**JUDGING SYSTEM**
Five judges serve on each panel, while the 100 point tasting scale is used in evaluation, in line with international standards. The availability of only 50 cases (6x750 ml) of each winning wine is now required instead of 200 cases in the past, to accommodate smaller producers. By excluding any discussion on the panels, the results are a true reflection of the judges’ views. Veritas continues to strive to improve the competition to maintain the best possible standards.

**MARKETING EVENTS**
Consumers increasingly take note of the results and use the Veritas Awards as a yardstick when selecting wines for their enjoyment. A Double Gold, Gold, Silver Outstanding, Silver and Bronze Veritas sticker on a bottle is indeed a great motivator to buy the country’s best wines. The VinoVeritas by CTP App that was launched in 2020 will be extended this year to sell the sought after Veritas wines. The wine tastings of Double Gold and Gold winners will be presented country wide in all the major cities.

**SPONSORS**
We thank our financial partners of many years – Deloitte and SA Litho as well as our new partners Ontbytsake, Nashua, Dry Ice International and Unitrans - for their continued support of the wine industry and to help build the Veritas brand.

## A INSKRYWINGSDOKUMENTE

1 **Alle inskrywings moet asb aanlyn op die Veritas inskrywings webblad gedoen word by https://veritas-entries.foneworx.co.za/**
**NB Inskrywings sal op geen ander manier aanvaar word nie. Indien u enige onduidelikheid het hoe om die aanlynstelsel te gebruik kan u die Veritas kantoor skakel vir hulp.**

2 Inligting moet volledig ingevul word. SANWSV aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe inskrywings, verpakking of die merk van kartonne nie en sulke inskrywings sal gediskwalifiseer word

3 Die volgende dokumente moet aanlyn opgelaai word vir elke wyn/brandewyn inskrywing nl.

- WSR2A en WSR4A sertifikate met seëlkode-reeks (indien meer as een sertifikaat per wyn, moet almal voorsien word) Die betrokke klasnommer moet op die WSR2A en WSR4A sertifikate aangebring word
- Ontledings sertifikaat indien nie reeds op die WSR2A ingesluit is nie
- Sertifisering sertifikaat van erkende organiese/biodinamiese wyne-liggaam moet ingesluit word vir Organiese wyn
- Sertifisering sertifikaat vir Heritage wingerd moet ingesluit word
- 'Pack shots' voor en agter van elke wyn/brandewyn
- Proenotas van elke wyn/brandewyn
- Handelsprys van elke wyn/brandewyn – dit is die prys wat aan Getwine voorsien word vir die aankoop van Dubbelgoud en Goud wyne. **Hierdie prys moet tot einde April volgende jaar (2026) van toepassing wees.**
- Perseel waar wyn/brandewyn geberg word, moet aangedui word

***Let wel: Indien meer as een bladsy per kategorie aangeheg moet word, moet dit as een (1) dokument skandeer en aangeheg word.***

*Navrae oor klasse moet met die organiseerders gefinaliseer word voordat u die inskrywing indien*

Die SANWSV Raad behou die reg voor om, in die geval van enige twyfel betreffende ontledingsvereistes, addisionele ontledings deur 'n erkende laboratorium te laat doen.

## B INSKRYWINGSFOOIE

1 Inskrywingsfooie is betaalbaar aan SANWSV. 'n Belastingfaktuur sal uitgereik word as bevestiging dat inskrywings aanvaar is.

*2* **SANWSV/Veritas moet teen 29 Augustus 2025 betaling ontvang.**

- **Inskrywings wat nie teen hierdie datum betaal is nie, sal gediskwalifiseer word**
- **Inskrywingsfooie word nie terugbetaal indien 'n wyn na 30 Augustus 2025 onttrek word nie**

2.1 **Inskrywings teen 1 Augustus 2025:** R1 500.00+R225.00 BTW per inskrywing (R1 725.00)
**Laat inskrywings - 2 Augustus tot 15 Augustus 2025:** R1 850.00+R277.50 BTW per inskrywing (R2 127.50)

## C VOLUME VEREISTES

**1** **Alle gesertifiseerde wyne in enige formaat mag ingeskryf word.** (187 ml, 250 ml, 375 ml, 500 ml, 750 ml, 1000 ml, 1500 ml, 3000 ml, 4500 ml, 5000 ml, 6000 ml en 9000 ml).

'n Minimum van **225 liter** (300 bottels x 750ml) wyn/brandewyn per spesifieke bottelgrootte van die totale hoeveelheid wyn wat ingeskryf is, moet op die sluitingsdatum soos verwys onder die prosedures, klaar gebotteleer, geëtiketteer en finaal deur die Wyn & Spiritusraad gesertifiseer wees

## A ENTRY DOCUMENTS

1 **All entries must please be submitted on the online Veritas entry webpage on https://veritas-entries.foneworx.co.za/**
**NB No entries will be accepted in any other way. If you have queries how toe use the online system, please contact the Veritas office for help.**

2 Entry forms must be completed in full. SANWSA will bear no responsibility for incorrect entries, packaging of samples or the labelling of cases and these entries will be disqualified.

*3* The following documents must be attached online with every wine/brandy entry namely:

- WSR2A and WSR4A documents with seal code (if there is more than once certificate per wine, all of them must be added) The appropriate class number must be indicated on the WSR2A and WSR4A where applicable
- Certificate with analysis if it is not include on the WSR2A form
- Certification certificate from a recognised Organic/Biodynamic wines body must be included for Organic wines
- Certification certificate for Heritage vineyard must be included
- Pack shots front and back of each wine/brandy entered
- Tasting notes of each wine/brandy
- Trade price of each wine/brandy – this is the price that will be supplied to Getwine for the purchase of Double gold and Gold wines. **This price must be applicable till end April of next year (2026).**
- A copy of the production date report must be attached to Brandy entries

***Please note: If more than one page per category must be submitted, it must be scanned and submitted as one (1) document.***

*Please clarify any queries regarding class entries with the organisers prior to submitting your entry.*

The SANWSA Council reserves the right to obtain additional analyses by an approved laboratory should there be any doubt concerning analytical requirements.

## B ENTRY FEES

1 The entry fee is payable to SANWSA. A Vat invoice will be issued on acceptance of entries.

2. **SANWSA/Veritas should receive payment for entries by 29 August 2025.**

- **Entries not paid for by this date, will be disqualified.**
- **The entry fee will not be refunded if a wine is withdrawn after 30 August 2025.**

2.1 **Entries by 1 August 2025** R1 500.00+R225.00 VAT per entry (R1 725.00)
**Late entries - 2 August to 15 August 2025:** R1 850.00+R2772.50 VAT per entry (R2 127.50)

## C VOLUME REQUIREMENTS

**1** **All certified wines in any format may be entered.** (187 ml, 250 ml, 375 ml, 500 ml, 750 ml, 1000 ml, 1500 ml, 3000 ml, 4500 ml, 5000 ml, 6000 ml and 9000 ml).

***A minimum of 225 litres (300 bottles x 750ml) of wine per specific bottle size of the total quantity entered, must be bottled, labelled and finally certified by the Wine & Spirit Board by the closing date, as mentioned under the procedures, and must be available in SA until after***

en **tot na die bekendstellingsfunksie in SA beskikbaar wees en** **is ook van toepassing op die volgende klasse:**
*Straw wine (klas 39); Edellaatoeswyne (klasse 41+42); Muskadel en Kaapse styl (klasse 80-94); Standaard Brandewyn (klas 108) en Oesjaar/Potketel brandewyn (klasse 109-113).*

- *In die geval van die Museum klasse (klasse 96 tot 103) is die minimum hoeveelheid benodig vir inskrywing **45 liter**.*

**Dubbelgoud en Goud wenwyne moet ten minste tot 31 Desember 2025 beskikbaar gestel word vir aankope deur Getwine vir VinoVeritas App kliënte.**

*Wyn/Brandewyn wat reeds Veritas toekennings ontvang het, mag wel weer ingeskryf word.*

**2 Die volgende hoeveelhede per inskrywing word benodig vir die beoordeling:**

| | |
|---|---|
| ***6 bot*** | *750/1000 ml* |
| ***12 bot*** | *187/250/375/500 ml* |
| ***3 bot*** | *1500 ml (magnum), 2000 ml, 3000 ml (jerobeam), 4500 ml (rehobeam), 5000ml, 6000 ml (metusalem) en 9000 ml (salmanazar)* |
| ***2 bot*** | *750 ml Brandewyn/Museumwyn* |

2.1 Elke klas se monsters moet afsonderlik per klas verpak word.

2.2 Die SAWIS beamptes sal vanaf 4 Augustus 2025 die wyn/brandewyn by die kelder kontroleer, etiketteer en afhaal. Deelnemers kan deur die beamptes versoek word om groot volumes monsters self aan SANWSV te lewer nadat monsters gekontroleer is.

- ***Afskrifte van alle WSR dokumente moet asb aan inspekteurs voorsien word.***
- ***Minimum hoeveelhede sal streng kontroleer word***

2.3 Alle wyn/brandewyn wat ingeskryf word vir Veritas, moet apart geberg wees van ander voorraad. Alle genoemde voorraad moet by SAWIS geregistreerde persele of bottelerings-instansies geberg word**.**

**3 Dubbelgoud en goue toekennings – Wyne vir Promosie**

3.1 **In die lig van die terugkeer na normale bemarkingsgeleenthede word van deelnemers wat dubbelgoud of goue toekennings ontvang, verwag om die volgende hoeveelheid van die wyn/brandewyn gratis aan Veritas te voorsien vir die verskillende wynproeë en bemarkingsgeleenthede deur die loop van die jaar, nl.**
***Wyn: 24*** *x 750ml óf 18 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes*
***NLH: 12*** *x 375 ml óf 4.5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes*
***Port en muskadel: 6*** *x 750 ml óf 4,5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes*
***Museumklasse: 6*** *x 750ml óf 4,5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes*
***Brandewyn - 12*** *x 750 ml óf 9 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes*

***Produkte met 'n kelderprys R500 en hoër beloop kan 12 bottels wyn en 6 bottels brandewyn voorsien.***

**NB: Hierdie wyn/brandewyn moet op 15 en 16 Oktober 2025 by die Veritas kantoor afgelewer word. Veritas sal die wyne by die verskillende proelokale besorg.**

## D REëLS EN REGULASIES - WYN

1 Dieselfde wyn (versnit) mag net onder een etiket ingeskryf word. Waar verskillende versnitte van 'n wyn wat onder 'n etiket met dieselfde visuele voorkoms en detail verkoop word, mag ook slegs een inskrywing onder sodanige etiket gedoen word.

***the date on which the awards ceremony takes place. And is also applicable to the under-mentioned classes:***
*Straw wine (class 39); Noble Late Harvest (classes 41+42); Muscadel and Cape style (classes 80-94); Standard Brandy (class 108) and Vintage/Potstill brandy (classes 109-113).*

- *In the case of the Museum classes (classes 96 to 103) a minimum of **45 litres** is needed for entry.*

**Double Gold and Gold winning wines must be available for sale to Getwine at least until 31 December 2025 for VinoVeritas App clients.**

*Wine/Brandy that have received Veritas awards in the past, may be entered again.*

**2 The following quantity per entry are needed for the judging:**

| | |
|---|---|
| ***6 bot*** | *750/1000 ml* |
| ***12 bot*** | *187/250/375/500 ml* |
| ***3 bot*** | *1500 ml (magnum), 2000 ml, 3000 ml (jerobeam), 4500 ml (rehobeam), 5000ml, 6000 ml (metusalem) en 9000 ml (salmanazar)* |
| ***2 bot*** | *750 ml Brandy/Museum wine* |

2.1 The samples of each class must be packed separately.

2.2 From 4 August 2025 the wine/brandy will be checked, labelled and collected by SAWIS officials from the cellars. Competitors may be asked by the officials to deliver large volumes of samples to SANWSA after samples are checked.

- ***Copies of all WSR documents must be provided to the inspectors***
- ***Minimum quantities will be strictly controlled***

2.3 All wines/brandy entered for Veritas must be stored separately from other stock.
All above-mentioned stock must be stored at SAWIS registered premises or bottling organisations**.**

**3 Double gold and gold awards – Wines for Promotion**

3.1 **In view of the return to normal marketing opportunities competitors who receives a double gold or gold awards are expected to supply the following quantity of the winning wines/brandies at no charge to the Veritas office for use at the different wine tastings and other marketing events through the year, viz:**
***Wine: 24*** *x 750ml or 18 litres in the case of other packaging*
***NLH: 12*** *x 375 ml or 4,5 litres in the case of other packaging*
***Port and muscadel: 6*** *x 750 ml or 4,5 litres in the case of other packaging*
***Museum classes: 6*** *x 750 ml or 4,5 litres in the case of other packaging*
***Brandy: 12*** *x 750 ml or 9 litres in the case of other packaging*

***Products with a cellar price of R500 or more can supply 12 bottles of wine and 6 bottles of brandy.***

***NB: These wines/brandies must be delivered to the Veritas office on 15 and 16 October 2025. Veritas will organise the delivery of wines to the different tasting venues.***

## D RULES AND REGULATIONS - WINE

1 Only one entry of a specific wine (blend) per label is allowed. When different blends of a wine are sold with a label with the same visual appearance and detail, only one entry with such a label may be made.

2 Wyn met waarneembare houtkarakter mag in enige rooiwyn-, port- of sjerrieklas ingeskryf word, behalwe in klas 77 vir ongehoute rooiwyn met RS>5g/l.

By alle ander klasse (witwyne) mag wyn met waarneembare houtkarakter slegs in die klasse waar voorsiening daarvoor gemaak is, ingeskryf word. Wyne in klasse waar waarneembare houtkarakter nie toegelaat word nie, sal gediskwalifiseer word indien dit volgens die meerderheid van die beoordelaarspaneel waarneembare houtkarakter openbaar (ongeag op watter manier die karakter verkry is, hetsy deur bereiding in houtvate of deur die gebruik van alternatiewe houtprodukte soos houtpoeier, houtsaagsels, houtskaafsels, houtstawe of houtekstrak ens.).

Dit staan die deelnemer vry om 'n vertoë aan die Tegniese Komitee te rig vir ondersoek indien 'n dispuut ontstaan, maar sodanige ondersoek sal nie noodwendig die besluit van die paneel kan verander nie.

3 Geen kruisinskrywings sal toegelaat word nie – met ander woorde, wyn wat in een klas ingeskryf is, mag nie ook onder dieselfde etiket in 'n ander klas ingeskryf word nie.

4 In die geval van kultivarversnit – klasse 1-4, 19-22, 33, 34, 66 – hoef die versnit nie noodwendig uit verskillende kultivars te bestaan nie, met die voorbehoud dat indien die versnit uit 'n enkel kultivar bestaan, dit nie as sodanige kultivar gesertifiseer mag wees nie.

5 Die volgende kultivars word as **aromaties/muskaat-kultivars** beskou: Hanepoot, Muskadel, Muscat Ottonel, Gewürztraminer, Weisser Riesling, Fernão Pires, Bukettraube, Morio Muscat, Irsai Oliver.

## E BEOORDELINGSPROSEDURES

1 **Die Raad sal, in sy diskresie, die beoordelaarspanele aanstel om die toekennings te maak. Die beoordelaars se beslissing is finaal en bindend op die deelnemer en geen korrespondensie sal gevoer word nie.**

2 Indien daar by meer as 2 bottels per inskrywing kurk-/muf-foute voorkom, sal sodanige inskrywing gediskwalifiseer word.

3 Indien die afwyking van enige van die bogenoemde reëls addisionele besoeke deur die SAWIS-inspektoraat tot gevolg het, sal dié besoeke vir die rekening van die deelnemer wees en bedra tans ±R5.02/km vir reiskoste en R270.00/uur vir die betrokke personeel. Beide bedrae is BTW inklusief en is aan jaarlikse aanpassings en verhoging in brandstofprys onderhewig.

4 Definisie van 'n Droë wyn: Die RS van die produk sal nie meer as 5,0g/l of nie meer as 9,0g/l wees as die TA nie meer as 2,0g/l verskil nie. Verwys na Tabel 2 – Spesifieke regulasies soos opgeneem in die Drankwet.

## F VERITAS SEëLS

1 VERITAS seëls (**300** Dubbelgoud/Goud) sal gratis aan deelnemers wat medaljes verower het, uitgereik word volgens die totale minimum volume.

- Addisionele seëls moet op die amptelike bestelvorm bestel word. Bevestiging van bestelling sal gestuur word en kan afgehaal word sodra betaling ontvang is.

Hierdie seëls mag slegs met goedkeuring van die SANWSV, op 'n wyse deur die Wyn- & Spiritusraad goedgekeur, op etikette gebruik word.

1.1 Grootte van seëls met of sonder toekenningspunt:
Deelnemers kan self besluit of hulle seëls met die punt van die wyn (Dubbelgoud: 93 -100) en Goud (90-92) wil bestel, of slegs seëls wat Dubbel Goud en Goud aandui. Sien voorbeelde aangeheg.

2 Wines with noticeable wood-maturation character may be entered in any red wine, port or sherry class except in class 77 for unwooded red wine with RS>5g/l.

In all other classes (white wines), wines with noticeable wood character may only be entered in classes that make provision therefor. All wines revealing a noticeable wood character in classes where noticeable wood-maturation character is not allowed, (regardless of the manner in which the character was obtained, whether it be prepared in wooden barrels or via the use of wood products such as wood powder, wood chips, wood staves or wood extract, etc.), will be disqualified at the discretion of the panel of judges.

Competitors are free to appeal to the Technical Committee for investigation if a dispute occurs, although this investigation will not necessarily affect the decision of the panel.

3 No cross entries will be allowed – i e, wine that has been entered in one class may not be entered in another class under the same label.

4 In the case of wine blends – classes 1-4, 19-22, 33, 34, 66 – the blend need not consist of different cultivars, on condition that if the blend consists of a single cultivar, it may not be certified as such.

5 The following cultivars will be regarded as **aromatic/muscat cultivars:** Hanepoot, Muscadel, Muscat Ottonel, Gewürztraminer, Weisser Riesling, Fernão Pires, Bukettraube, Morio Muscat, Irsai Oliver.

## E JUDGING PROCEDURES

**1 The Board shall, at their discretion, appoint the panel of judges to determine award recipients. The judges' ruling is final and binding on participants and no correspondence shall be entered into.**

2 If cork taint/mouldy defects are found in more than 2 bottles per entry, said entry will be disqualified.

3 If deviation from any of the above-mentioned rules necessitates additional visits by the SAWIS inspectorate, the cost of these visits will be for the account of the competitor and currently amounts to ±R5.02/km for travelling expenses and R270.00/hour for the personnel involved. Both amounts include VAT and are subjected to annual adjustments and increase of fuel price.

4 Definition of a Dry wine: The RS of the product shall not exceed 5,0g/l, or not exceed 9,0g/l if the TA difference is below 2g/l. Refer to Table 2 – Specific requirements as prescribed in the Liquor Law.

## F VERITAS EMBLEMS

1 VERITAS emblems (**300** Double gold/ Gold) will be issued free of charge to participants who have been awarded medals according to the minimum volume entered.

- Additional emblems may be ordered on the official order form. Confirmation of order will be sent and can be collected after receipt of payment.

These emblems may only be used on labels with the approval of the SANWSA, in a manner approved by the Wine & Spirit Board.

1.1 Size of the stickers with or without the judging score:
Participants can decide if they wish to order stickers with the scores (Double Gold 93 -100) and Gold (90-92), or just the Double Gold and Gold sticker without the score. Please see samples attached.

2 Brandewyn-toekennings

- *Die gebruik van Veritas toekennings is slegs geldig vir een jaar na toekenning - dus Oktober tot einde September van die volgende jaar*
- *Indien meer as een versnit gebottelleer word gedurende hierdie tydperk, sal 'n maksimum van drie versnitte deur die paneel geproe word vir die goedkeuring vir die gebruik van die toekenning. Monsters sal deur die Wyn- & Spiritusraad gekontroleer en afgehaal word. Sien ook paragraaf 5 hieronder*
- *Seëls sal slegs toegeken word volgens die produksie-hoeveelheid soos gemeld op die inskrywingsvorm*

3 Indien 'n deelnemer nie gebruik maak van 'n goedgekeurde etiket nie en op 'n ander wyse die toekenning wil gebruik, moet sodanige etiket weer deur die Raad en Wyn-& Spiritusraad goedgekeur word alvorens dit verkoop mag word.

4 Dubbelgoud, Goud, uitstaande Silwer, Silwer en Brons VERITAS seëls sal vir die rekening van deelnemer beskikbaar gestel word. Koste sal gefinaliseer word.

**5 Vergelykende Proe**

Indien deelnemers op die sluitingsdatum waarna in die prosedures verwys word, beskik oor **bulkwyn of ongeetiketteerde gebottelde** voorraad van dieselfde wynmengsel of brandewyn kan om 'n vergelykende proe aansoek gedoen word om addisionele seëls te verkry vir gebruik onder dieselfde etiket as waarvoor die oorspronklike Veritas toekenning verwerf is.

- In die geval van wyn moet dit dieselfde oorspronklike WSR2A as die gebottelde voorraad van 'n spesifieke botteleringslot wat ingeskryf was, wees en waarvoor Veritas medaljes verower is.

Die volgende prosedures is egter van toepassing:

5.1 Slegs wyn wat met die oorspronklike inskrywing reeds oor 'n WSR2A sertifikaat beskik en aan die volgende vereistes voldoen:

- Die monster wat vir die voorlegging van WSR2A sertifikaat aan Wyn – & Spiritusraad voorgelê is wel verteenwoordigend van alle betrokke tenke getrek is
- Die voorlegging wel voorlopig (nie administratief) gedoen is, dus met volle ontledings
- Die balans van die bulkwyn oorspronklik uit een tenk is, en afgepomp is na verskillende tenke
- Alle tenke ter sprake moet vermeld wees op die oorspronklike WSR2A sertifikaat soos met aansoek

5.2 'n Aansoek om 'n vergelykende proe van die bulkwyn voorraad van die oorspronklike medaljewenner met die voorraad waarvoor aansoek gedoen word, moet op die voorgeskrewe vorm by die SANWSV kantoor ingehandig word, waarna dit bevestig sal word of die aansoek suksesvol was. Aansoeke vir 'n vergelykende proe kan tot einde Augustus van die volgende jaar (voor die aanvang van die volgende Veritas beoordeling) ingedien word.

5.3 Dit sal die Veritas kantoor se verantwoordelikheid wees om te reël dat SAWIS inspekteurs die betrokke voorraad waarvoor aansoek gedoen word kontroleer, asook om 2 bottels van onderskeidelik die wyn/brandewyn wat reeds 'n Veritas toekenning verower het en die voorraad waarvoor om addisionele seëls aansoek gedoen word, af te haal.

5.4 Die vergelykende proe sal onder die toesig van die Voorsitter van die Veritas Tegniese Komitee geskied.

5.5 Die vergelykende proe sal uitgevoer word deur die betrokke Veritas paneel wat vir die oorspronklike toekenning verantwoordelik was, of 'n alternatiewe geskikte paneel, op 'n geskikte wyse wat gebruik word om ooreenkomste of verskille tussen wyne te bepaal. Die meerderheidsbesluit van die paneel sal as die paneelbeslissing aanvaar word.

2 Brandy awards

- *The use of the Veritas award will be limited for one year after receiving the award - therefore from October until end September of the following year*
- *If more than one blend is bottled during this period, a maximum of three blends will be tasted by the panel to approve the use of the award. Samples will be drawn/collected by Wine & Spirit Board. Also see paragraph 5 below*
- *Stickers will only be issued according to the production quantity as mentioned on the entry form*

3 If a participant does not make use of an approved label and wishes to use the award in any other manner, said label must also be approved by the Council and the Wine & Spirit Board, before it may be sold.

4 Double Gold, Gold, Silver outstanding, Silver and Bronze VERITAS emblem will be made available for the account of exhibitors. Cost will be finalised.

**5 Comparative tasting**

If, at the closing date as mentioned in the procedures, exhibitors have **bulk wine stock or unlabelled, bottled stock** of the same wine blend or brandy, they may request a comparative tasting to obtain additional stickers for use under the same label which received the original Veritas award.

- In the case of wine, it must be of the same original WSR2A as the bottled stock of a specific bottling lot that was entered and which received Veritas awards

However, the following conditions apply:

5.1 Only wine that already had a WSR2A certificate with the original entry and comply to the following requirements:

- The sample that was submitted for a WSR2A certificate to the Wine and Spirit Board, represent all the appropriate tanks
- The application must be provisional (and not administrative), therefore should have full chemical analysis
- The balance of the bulk wine should be of one tank where after it could be pumped to different tanks
- All the appropriate tanks should be named on the original WSR2A certificate at application

5.2 The application for the comparative tasting of the bulk wine stock of the original medal winner and the remaining stock for which the tasting is required, must reach the SANWSA office on the prescribed form. The SANWSA office will confirm whether the request was successful. Requests for a comparative tasting can be handed in before August of the following year (before the next Veritas tasting).

5.3 It is the Veritas office's responsibility to arrange for SAWIS inspectors to check the relevant stock, as well as to collect 2 bottles each respectively of the wine/brandy that was rewarded a Veritas award and the stock for which the additional stickers are required.

5.4 The comparative tasting will take place under the supervision of the Chairman of the Veritas Technical Committee.

5.5 The comparative tasting will be done by the relevant Veritas panel responsible for the original award, or an alternative appropriate panel, in a suitable way used to determine similarity or difference between wines. The majority vote will be accepted as the panel's decision.

*('n Botteleringslot van 'n spesifieke wynmengsel word gedefinieer as die wyn wat gebotteleer is tydens 'n aaneenlopende botteleringskof wat met normale nag-onderbrekings aaneenlopend oor opeenvolgende dae kan geskied)*

*(A bottled lot of a specific wine / blend is defined as wine that is bottled during a continuous bottling shift which, with normal nightly interruptions, can take place over consecutive days.)*

## G GEBRUIK VAN VERITAS LOGO

Die SANWSV Raad behou homself die reg voor om deelname aan die skou te verbied indien reëls en regulasies oortree word en wanvoorstelling oor toekennings wat nie verwerf is nie of misbruik van toekennings wat wel verwerf is, plaasvind.

*Persone wat wil verwys na of gebruik maak van Veritas toekennings moet die toestemming van die Raad hê.*

***Riglyne vir die gebruik van die Veritas toekenning:***

- **Slegs 'n bottel wyn waarop die toepaslike Veritas toekenningseël op aangebring is, mag gefotografeer word vir advertensie doeleindes.**
- ***Die Veritas seël mag op sy eie vir advertensie doeleindes gebruik word en aansoekers hiervoor sal die logos elektronies kan aanvra en onderneem om aan die voorwaardes daarvan te voldoen.***
- **Die Veritas logo kan apart verskyn in advertensiemateriaal, met die name van wyne wat Veritas toekennings verkry het, bo of onder die logo. In hierdie geval moet die logo sowel as die woorde "experience excellence" saam gebruik word.**

## G USE OF VERITAS LOGO

The SANWSA Council reserves the right to prohibit participation in the show if the rules and regulations are not adhered to or misrepresentation concerning awards not received or misuse of awards received, occurs.

*Persons who want to mention or use Veritas awards must have the permission of the council.*

***Guidelines for the use of the Veritas awards*:**

- **Only a bottle of wine carrying the appropriate Veritas award sticker may be photographed for advertising purposes.**
- ***Therefore the Veritas award sticker may be used on its own for advertising purposes and applicants can request to receive the logos electronically and must undertake to agree to the terms and conditions.***
- **The Veritas logo can accompany advertising separately showing Veritas award winning wines above it or below it. The logo and the words "experience excellence" must be used together in such a case.**

## H BEMARKINGSGELEENTHEDE

1 **VINOVERITAS by CTP APP**: GETWINE hanteer die verkope van die Veritas wenwyne. Hulle koop die wyne direk by elke deelnemer aan en lewer regstreeks aan die publiek. Ons waardeer u samewerking om hulle bestelling so gou as moontlik by hulle af te lewer om sodoende 'n vinnige en doeltreffende diens aan die publiek te lewer.

2 Dit is uiters belangrik dat die korrekte GROOTHANDELPRYS (TRADE PRICE) van elke wyn op die inskrywingsvorm ingevul word. GETWINE gebruik hierdie prys om die verkoopprys te bepaal wat op die APP gelaai word.

3 Indien u 'n eksklusiewe handelsmerk inskryf wat nie direk aan die publiek verkoop gaan word nie, moet u asb die Veritas kantoor vooraf in kennis stel. Ons wil u egter aanmoedig om elke kans te gebruik om u wyne deur die App te verkoop.

4 Samewerking met die Handel
Veritas beplan weer bemarkingsgeleenthede vir alle Dubbelgoud en Goue wenners onmiddellik na afloop van die bekendmaking van die uitslae. Deelnemers word versoek om die wenwyne teen markverwante pryse aan die handel te verskaf vir hierdie doel. Die handel het onderneem om al die aankoopreëlings direk met deelnemers te tref.

***Hiermee word deelnemers 'n gulde geleentheid gebied om wyn landwyd te verkoop terwyl verbruikers kans kry om die wenwyne aan te koop. . Die Veritas Toekennings is juis sedert sy ontstaan daarop gemik om as 'n riglyn vir verbruikers te dien wat die kwaliteit wyne in Suid-Afrika bekroon.***

## H MARKETING EVENTS

1 **VINOVERTAS by CTP APP:** GETWINE handles all the procedures to sell the Veritas award winning wines. They buy the wines directly from every participant and execute the delivery to the public. We appreciate your cooperation to deliver their order as soon as possible to enable them to get the wines to the clients as quickly and as efficient as possible.

**2** It is very important that the correct TRADE PRICE of each wine is entered on the entry form. GETWINE uses that price to determine the sales price that is loaded on the APP.

3 If you enter an exclusive trademark that is not sold directly to the public, you should inform the Veritas office beforehand. However, we wish to encourage you to use the opportunity to sell your wines through the APP

4 Co-operation with the Trade
Veritas, in collaboration with the Trade, are planning marketing opportunities for all Double Gold and Gold winners directly following the announcement of the results. Participants are requested to supply the award-winning wines to the trade at market-related prices for this purpose. The Trade has undertaken to communicate directly with the participants regarding all purchasing arrangements.

***Through these arrangements competitors have the opportunity to sell their wine countrywide, while consumers have the opportunity to buy the winning wines. The Veritas Awards are since its inception primarily aimed as a guideline for consumers to showcase the quality of South African wines.***